# TCF boodskap aan die lede van die Sanlam Fondse

Kliëntgerigtheid is al vir baie jare ’n sentrale deel van Sanlam se besigheidstrategie. Die trustees van die Sanlam fondse ondersteun hierdie strategie ten volle en waardeer die voordele wat dit aan ons lede bied. Die trustees verwelkom daarom Sanlam se verbintenis tot die implementering van Treating Customers Fairly – ’n inisiatief wat onlangs deur die Raad op Finansiële Dienste aangekondig is vir implementering in 2014.

Treating Customers Fairly of TCF, soos dit algemeen bekend staan, se doel is om die belange en regte van verbruikers te beskerm in die finansiële dienste bedryf.

Ons glo TCF sal Sanlam se gevestigde strategie van kliëntgerigtheid aanvul en daardeur ondersteun word. As trustees aanvaar ons verantwoordelikheid om seker te maak dat elke TCF beginsel implementeer en ten volle integreer word in die Sanlam besigheid.

Die beginsels vervat in die voorgestelde TCF inisiatief verwys na:

- die billike behandeling van kliënte
- verskaffing van toepaslike produkte en dienste
- verskaffing van duidelike inligting
- verskaffing van gepaste advies
- voldoening aan kliënte se verwagtinge met betrekking tot die prestasie van produkte, en
- die skep van ’n omgewing waar dit maklik is om besigheid te doen.

Ons sien uit daarna om deel te wees van die proses en sodoende te verseker dat TCF optimaal implementeer word tot voordeel van al ons lede – nou en in die toekoms.